

OPSOMMING VAN KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Nuwekerk Graaff-Reinet.

Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland*

A. Die gesprekke self

- Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle**
 - Tydens Kerkraad vergadering van 26/10/2007 is die saak bespreek
 - Ses van 22 Wyke het die onderwerptydens wykbyeenkoms bespreek en skriftelik terugvoer gegee
 - Ses Lidmate het individueel gereageer
 - Tydens aanderediens 21/10/2007 is Dr Schalk du Tiot gevra om die erediens waar te neem en daarna is Kerkhereniging bespreek.
- Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?**
 - Ja

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

Alhoewel die meerderheid oor "Geestelike Eenheid" saam stem, is hulle nie positief oor die praktiese implementering van die voorstel nie. Na verdere gesprekke heers daar egter groter vrede. Die algemene gevoel bly duidelik dat lidmate nie geforseer moet word om Belhar te aanvaar nie. Daar is steeds agterdog oor die groot klem wat op Belhar gelê word van uit die VGK. Daar word gevra waarom Belhar nie deur die RCA en NGK in Afrika erken word nie.

Aan die ander kant word daar gewonder of daar van Hereniging (met die klem op die woord –een-) gepraat kan word as die samestellende komponente nie dieselfde belydenisskrifte enduit onderskryf nie. Verder word gevra: Kan daar van "die herestelde kerk" gepraat word as daar lidmate is (in die NGK sowel as die dogterskerke) wat nogsteeds die stukkendheid van verhoudings waarteen Belhar dit het, met oënskynlike goedkeuring van bo af, as sondeloos aanvaar? Sal kerkhereniging sonder Belhar geloofwaardig wees?

Lidmate is dit eens dat kerkskeuring ten alle koste vermy moet word. Die praktiese uitwerking van eenwording laat nog baie vrae. Die sterk klem op eenwording tussen die NGK en dogterkerke word deur sommige beskou as poletiekery.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Elke gemeente moet self kan besluit of hulle Belhar as belydenis wil aanvaar.

Nuwe/ ander voorstelle?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die model word as te wollerig beskou. Meer inligting kan beskikbaar gestel word.

Daar heers vrees dat die NG kerk heeltemal deur die ander kerk oorgeneem sal word, gedwing sal word om te verander (soos op sport en onderwys gebied) en dat die NG Kerk se identiteit verlore sal raak.

Sommige sien kaans vir die hereniging op Algemene sinodale vlak, maar streeks sinodes moet eers gelaat word. Asosiatiewe samewerking en hereniging dra 'n sterk klem.

Gemeentes se eienaarskap moet gewaarborg word om gereformeerde op die lange duur te verseker.

Die kultuur en Taal moet deur die gemeente bepaal word.

Daar is lidmate wat voel dat die model se teologiese begroning nie geregverdig is nie.

Daar is nog groot menings verskille oor die aanvaarbaarheid van die model.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Voeg by tussen "bediening" en "behou": "maar steeds verantwoordbaar aan die Woord en belydenisskrifte"

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Gesamentlike projekte is noodsaaklik om naasteliefde en die eenheid van die kerk in Christus uit te leef. Groot klem moet gelê word om eie lidmate op te voed dat die evangelie ook 'n materiële dimensie het.

Die behoeftes van gemeentes sal 'n belangrike rol speel in die betrokkenheid van lidmate by gesamentlike projekte

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Mense is bang om 'n tree vorentoe te gee omdat verhoudinge in ons land nog nie heeltemal reg is nie. Dit veroorsaak dat daar wantroue tussen die NG Kerk en dogterkerk is. Daar moet klem gelê word op wersydse respek vir mekaar.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Die beginsels van die Belhar belydenis kan baie help om versoening van uit die Woord van God te fundeer.

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

- Hou naam: Nederduit Gereformeerde Kerk – dis wat hereniging beteken.
- Herenigde Nederduit Gereformeerde Kerk
- Die ? Kerk van Christus

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie dat ons kon deelneem!